Beste kollega

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake wat personeelvoordele betref.

**Universiteit Stellenbosch Aftredefonds- (SURF-)bydraekoers**

Die SURF-reëls is in 2020 gewysig om bydraekoerse van tot so laag as 5% van pensioengewende vergoeding toe te laat as ’n tydelike maatreël om lede finansieel by te staan. Die reëlwysiging is in 2021 omgekeer om te sorg dat alle werknemers wat vanaf 1 Januarie 2022 aangestel word weer ten minste 15% bydra. Daarmee saam het die SURF-trusteeraad besluit om die bydraekoers van alle werknemers wat tans minder as 15% van pensioengewende vergoeding bygedra het outomaties met 2,5% per jaar te verhoog. Die doel is om die bydraevlak geleidelik weer tot 15% op te stoot. Indien jou finansies egter nie nou ’n verhoging in fondsbydraes toelaat nie, kan jy kies om jou huidige bydraekoers te behou. Stuur asseblief ’n e-pos na Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum (sun-e-hr@sun.ac.za) om jou keuse aan te dui. Menslike Hulpbronne sal vir rekordhoudingsdoeleindes slegs op skriftelike versoeke reageer.

**Voordele vir 2023**

Die Universiteit en sy konsultante het in Oktober 2022 weer ’n markontleding onderneem om die beste premies vir ons risikovoordele te bekom. Versekeraars se premies ná Covid het ons voor ’n paar moeilike besluite te staan gebring. Hoewel versekeringspryse in die toekoms nog aan heelwat onsekerheid blootgestel is, het die versekeraars wél hulle premies so ver moontlik verlaag. Menslike Hulpbronne, die Universiteit se voordelekonsultante (Simeka) en SURF se Sterfte- en Voordelesubkomitee het die premiekwotasies deeglik bestudeer en ’n hele paar keer na die onderhandelingstafel teruggekeer om ons werknemers die heel beste te bied. Die resultate van die marknavorsing verskyn hieronder volgens risikovoordeel:

1. **Gade- en kinderpensioen**

| | |
|---|---|
| Huidige versekeraar: | Momentum |
| Voordeel: | Gadepensioen van 35% van pensioengewende vergoeding, en kinderpensioen (hoogstens drie kinders) van 10% van pensioengewende vergoeding, maar minimum dekking van twee keer jaarlikse pensioengewende verdienste. Wanneer die voordeel as ’n pensioen uitbetaal word, sal jaarlikse verhogings gelyk wees aan inflasie. *SURF-lede sonder ’n gade of kwalifiserende kinders kan kies om nié hierdie sterfteversekeringsvoordeel te ontvang nie.* |

Klik op die skakel vir verdere inligting en aansoekdokumente:
Gade- en kinderpensioen

| | |
|---|---|
| Huidige tarief: | 1,923% van pensioengewende vergoeding |
| Nuwe tarief: | 1,047% van pensioengewende vergoeding |

Maandelikse koste van die voordeel op grond van pensioengewende vergoeding van R700 000 per jaar:

| | |
|---|---|
| Huidige koste: | R1 121,75 |
| Nuwe koste: | R610,75 |

**Let asseblief op die volgende:**

Hoewel Momentum SURF 'n verdere premieverlaging aangebied het, het Sanlam ons 46% laer gekwoteer vir 'n bykans identiese voordeel. Die enigste verskil is dat die jaarlikse verhoging in enige pensioen wat ingevolge hierdie voordeel uitbetaal word gelyk sal wees aan inflasie, dog tot 'n maksimum van 10%, terwyl Momentum ons 'n onbeperkte inflasiegekoppelde verhoging aangebied het. Die Rektoraat en SURF-trusteeraad het gevolglik besluit dat die onbeperkte inflasiegekoppelde voordeel te duur is, en die voordeel sal dus vanaf 1 Januarie 2023 na Sanlam verskuif word.

## 2. Groeplewensversekering

| | |
|---|---|
| Huidige versekeraar: | Momentum |
| Voordeel: | Vyf keer pensioengewende vergoeding |
| Huidige tarief: | R0,392 per R1 000 dekking |
| Nuwe tarief: | R0,315 per R1 000 dekking |

Maandelikse koste van die voordeel op grond van pensioengewende vergoeding van R700 000 per jaar:

| | |
|---|---|
| Huidige koste: | R1 372,00 |
| Nuwe koste: | R1 102,50 |

**Let asseblief op die volgende:**

- Hoewel Momentum die US 'n verdere premieverlaging aangebied het, was Sanlam se kwotasie vir 'n soortgelyke voordeel selfs laer en beteken dit 'n kostebesnoeiing van 16%. Daarom sal ons die voordeel vanaf 1 Januarie 2023 na Sanlam verskuif.

- Alle werknemers sal vanaf 1 Januarie 2023 weer op vyfvoudige dekking geplaas word aangesien die toegelate verlaging tot drievoudige dekking slegs 'n tussentydse maatreël was om die groot premieverhogings van 2022 te probeer teenwerk. Ons het steeds die opsie om werknemers toe te laat om in die eerste drie maande van 2023 hulle lewensdekking tot drievoudige dekking te verlaag. Sanlam het ook ingestem dat werknemers hulle dekkingsveelvoud kan verhoog of verlaag na gelang van lewensgebeure soos huwelike of egskeidings.

Indien jy jou dekking wil verlaag, stuur asseblief so ’n versoek per e-pos na Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum (sun-e-hr@sun.ac.za). Menslike Hulpbronne sal vir rekordhoudingsdoeleindes slegs op skriftelike versoeke reageer. Wanneer jy jou besluit neem, hou ook in gedagte dat indien jy nóú na drievoudige dekking oorskakel en in die loop van die jaar besluit om na vyfvoudige dekking terug te keer, die ekstra dekking teen die tarief vir opsionele dekking gehef sal word (sien hieronder).

**Opsionele bykomende dekking van twee keer pensioengewende vergoeding**

| | |
|---|---|
| Huidige tarief: | R0,588 per R1 000 dekking |
| Nuwe tarief: | R0,504 per R1 000 dekking |

Klik op die skakel vir verdere inligting:
Bykomende groeplewensdekking

## 3. Ongeskiktheidsdekking

| | |
|---|---|
| Huidige versekeraar: | Momentum |
| Voordeel: | Maksimum van 75% van totale koste van indiensname (beperk tot marginale belastingkoers) ná ’n wagtydperk van drie maande |
| Huidige tarief: | 0,874% van pensioengewende vergoeding |
| Nuwe tarief: | 1,067% van pensioengewende vergoeding |

Maandelikse koste van die voordeel op grond van pensioengewende vergoeding van R700 000 per jaar:

| | |
|---|---|
| Huidige koste: | R509,83 |
| Nuwe koste: | R622,42 |

## 4. Gadeversekering

| | |
|---|---|
| Huidige versekeraar: | Old Mutual |
| Voordeel: | Twee keer pensioengewende vergoeding |
| Huidige tarief: | R0,415 per R1 000 dekking |
| Nuwe tarief: | R0,395 per R1 000 dekking |

Maandelikse koste van die voordeel op grond van pensioengewende vergoeding van R700 000 per jaar:

| | |
|---|---|
| Huidige koste: | R581,00 |
| Nuwe koste: | R553,00 |

## 5. Begrafnisdekking

| | |
|---|---|
| Huidige versekeraar: | Old Mutual |
| Voordeel: | Huidige maksimum dekking van R20 000, maar sal tot R30 000 verhoog word |
| Huidige tarief: | R37,59 per gesin |
| Nuwe tarief: | R41,85 per gesin |

## Bykomende begrafnisdekking (ook vir R30 000)

| | |
|---|---|
| Tot op 64-jarige ouderdom: | R57,00 |
| 65- tot 74-jarige ouderdom: | R112,50 |
| Ouer as 74: | R183,00 |

Klik op die skakel vir verdere inligting:
Bykomende begrafnisdekking

## 6. Lidmaatskap van mediese fonds

Alle permanente werknemers op posvlak 1 tot 10 moet 'n lid wees van 'n geregistreerde Suid-Afrikaanse mediese skema. Nietemin kan jy nou aansoek doen om vrystelling om tot 'n ander mediese skema as een van die US se voorkeurskemas te behoort. Maak so deur 'n skriftelike motivering by die Universiteit se Gesondheidsorgkomitee in te dien waarin jy verduidelik waarom jy graag vrystelling wil hê.

**Let wel**: Vrystelling hef nie die mediesefondsvereiste op nie; dit stel jou net in staat om tot 'n skema van jou eie keuse te behoort. Let ook asseblief daarop dat werknemers wat vir gesondheidsorgvoordele ná aftrede in aanmerking kom daardie voordele sal verbeur indien hulle kies om nié aan een van die Universiteit se voorkeurskemas deel te neem nie

Sorg asseblief dat hierdie kennisgewing ook alle personeel sonder e-postoegang bereik.

Vir enige navrae, kontak gerus Menslike Hulpbronne se Kliëntedienssentrum by 021 808 2753 of sun-e-hr@sun.ac.za.

**Vriendelike groete**

**Ebrahiem Abrahams**
**Waarnemende Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne**